

THE STATE
VERSUS
SYDNEY DIGABANE.

PLACE: JOHANNESBURG
REGIONAL COURT.

CASE NO: 41/2713/78.

DATE: 21 JUNE 1978.

JUDGE: G. STEYN.

203
SAAKNOMMER: 41/2713/78.

DATUM: 21 Junie 1978.

IN DIE STREEKHOF VIR DIE STREEKAFDELING VAN TRANSVAAL
GEHOU TE JOHANNESBURG.

VOOR : G. STEYN.

STAAT TEEN : SYDNEY DIGABANE.

KLAGTE : 1. DEELNAME AAN TERRORISTIESE
BEDRYWIGHEDDE.
2. DEELNAME AAN TERRORISTIESE
BEDRYWIGHEDDE.

PLEIT : SKULDIG OP BEIDE AANKLAGTES.

NAMENS STAAT : F.J. STASSEN.

NAMENS VERDEDIGING : IN PERSOON.

TOLK : A. MAKHUBU.

OORSKRYFSTER : REV. A.H. FOURIE
MNRE LUBBE OPNAMES
JOHANNESBURG.

304

- 1 - SAAKNOMMER: 41/2713/78.

DATUM: 21 Junie 1978.

AANKLAER HANDIG VERKLARING VAN PROKUREUR-GENERAAL IN.

AANKLAER: Edelagbare soos u sal merk uit die lasgewing is dit gegee op die 20ste Junie dit wil sê onlangs met die gevolg die Beskuldigde is ook gister formeel eers in kennis gestel van die besluit om hom aan te kla op hierdie ernstige aanklagte. Ek het reeds inligting ontvang dat hy nie die dienste van 'n regsverteenwoordiger wil hê nie, maar weens die ernstige aard van die aanklag en die feit dat dit kort is mag hy miskien nou tot ander besluite gekom het en ek wil net graag hê dat die Hof by hom miskien moet uitvind wat sy posisie is.

DEUR DIE HOF: Mnr. die Aanklaer in die eerste instansie merk ek dat die Beskuldigde is 17 jaar oud? -- Ja, ekskuus Edelagbare ek wou dit nog vir u noem. Daar is pogings om die Beskuldigde se ouers, vader of moeder op te spoor, maar dit is vrugtelos Edelagbare. Daarom is hulle nie hier vandag nie. Ek kan ook net meld dat Beskuldigde op vorige geleenthede heeltemal die ouerhuis eintlik verlaat het na ander plekke toe. Ek kan nou op besonderhede ingaan nie en dat hy klaarblyklik vaarwel toe gesê het.

BESKULDIGDE: My ouers is nooit in kennis gestel dat ek vandag in die Hof verskyn nie, hulle weet nie Edelagbare.

Waar bly sy ouers? -- Hulle is Diepkloof, gebied 1 Edelagbare, nommer 648 gebied 1, Diepkloof.

En dit is in Johannesburg distrik? -- Ja.

Wanneer laaste het hy met hulle kontak gemaak? -- My ouers het my elke keer kom sien by Hof 5 Edelagbare indien ek

2/...

- 2 -

daar verskyn het Edelagbare. Ek het hulle laaste op die 5de Junie gesien Edelagbare.

Hulle is nie bewus dat jy vandag in die Hof verskyn nie?

-- Nee, hulle weet nie Edelagbare.

Mar. die Aanklaer die Strafproseswet maak dit duidelik dat by 'n geval waar 'n Beskuldigde se ouers in die Landdrostdistrik waar hy verskyn woon of werk hulle in kennis gestel moet word. Daar is gesag van die Hooggeregshof waar verhore voortgegaan het in omstandighede waar die ouers nie gewaarstu was nie waar die verhoor buite orde gereël is, waar die verrigtinge ter syde gestel is.

AANKLAER: Ja, ek is bewus daarvan Edelagbare. Laat ek net 'n bietjie vas stel of dit werklik sy ouers is of dit sy voogde is hierdie Edelagbare, mense wat na hom om sien.

DEUR DIE HOF: Hierdie 648, die mense wat by 648 bly, is dit nou sy natuurlike ouers of is dit voogde?

BESKULDIGDE: Dit is my eie pa Edelagbare wat daar woon Edelagbare, maar nie my moeder nie.

Voor jou arrestasie was jy by hulle woonagtig? -- Ja.

Mar. die Aanklaer die Beskuldigde moet seker beter weet hy self het wel daar gebly, ek weet nie voorneme nou is nie, ek weet nie of u?

AANKLAER: Edelagbare omdat dit missienet gaan hieroor die stel van die aanklag om te bepaal watter geskilpunte daar tussen die Staat en die Beskuldigde is, wil ek aan die hand doen dat waar die Strafproseswet vereis dat die ouers by die verhoor teenwoordig is, is dit nie so seer of die stel van die pleit assulks betrekking het nie, maar eerder op die bystand van die

3/....

- 3 -

verhoor assulks met ander woorde deelname aan kruisverhoor van getuies en so meer en dat dit mistien in daardie omstandighede die Staat se versoek dan....

DEUR DIE HOF: Goed mnr. die Aanklaer die Beskuldigde is volgens die Staatsaanklaer nie regverteenwoordig nie, is dit korrek?

BESKULDIGDE: Ek het gesé dat ek het nie 'n procureur, want ek is skuldig Edelagbare.

Met ander woorde wat ek van jou verstaan is jy nie voor-nemens om regverteenwoording te kry nie, want jy self jy pleit skuldig? -- Ja, Edelagbare.

Mnr. die Aanklaer wil u hê die Hof moet sy pleit nota-leer?

AANKLAER: Edelagbare hy is nog nie bewus van die presiese aard van die klagte nie.

DEUR DIE HOF: Die Hof sal die Aanklaer die nodige toestemming verleen om die klagte te stel, maar nie om met die verhoor voort te gaan nie tot tyd en wyl sy ouers in kennis gestel is nie, want die doel hiervan is om dan uit te vind wat in geskil is sodat die Staat indien nodig verdere getuies kan kry. Mnr. die Aanklaer dan kan u die klagte stel.

AANKLAER STEL KLAGTE AAN BESKULDIGDE.

BESKULDIGDE: Ek verstaan die klagte.

DEUR DIE HOF: Nou voor hy pleit wil die Hof aan hom sekere verduidelikings gee. Kan ek net die klagstaat kry mnr. die Tolk. Eerstens wanneer is hy gebore? -- 3 Maart 1961.

b/...

- 4 -

Hy is nou bewus watter dade die Staat beweer hy het dit gepleeg? Is dit korrek? -- Ja, Edelagbare.

En hy is ook bewus wat die Staat beweer het hy beoog met die pleging van hierdie dade? -- Ja, Edelagbare.

Verstaan hy dit. Hy besef ook dit is 'n baie ernstige aanklagte? -- Ja, Edelagbare.

Nou die Staat moet ingevolge die bepalings van die Wet bewys dat die dade wat hy gepleeg het waarskynlik die gevolge wat die Staat in die klagstaat meld ten gevolge kon gehad het, verstaan hy dit? As die Staat dit bewys, word daar vermoed dat hierdie dade gepleeg is met die opset om die handhawing van Wet en orde in die Republiek in gevaar te stel tensy die Beskuldigde bo redelike twyfel bewys dat hy nie die gevolge beoog het nie met ander woorde as die Staat bewys hy het die handelinge gepleeg wat die Staat beweer en die Staat bewys dat hierdie handelinge waarskynlik die gevolge gemeld kon veroorsaak dan moet hy bewys dat hy nie bedoel het om die Wet, handhawing van Wet en orde in gevaar te stel nie, verstaan hy dit?

Verstaan hy dit? -- Ja.

Is hy bereid om in hierdie stadium te pleit op die klagte -- Ja, ek pleit skuldig.

Op al twee die aanklagtes? -- Op albei die aanklagtes Edelagbare.

PLEIT: 1. SKULDIG.
2. SKULDIG.

DEUR DIE HOF: Mn. die Aanklaer dit blyk vir my voor onder-vraging sal dit wenslik wees as u die vader die nodige kennis

5/....

- 5 -

gee, stem u saam?

AANKLAER: Ja. Edelagbare mag ek net op hierdie stadium die Hof eerbiediglik versoek om net by die Beskuldigde vas te stel of hy op enige wyse miskien aangemoedig is of beloftes gemaak is om te pleit soos hy wel vandag gepleit het.

DEUR DIE HOF: Het enige iemand hom beïnvloed, aangemoedig of enige beloftes gemaak dat hy moet skuldig pleit op hierdie aanklakte? *Wie was in contact? Syflet*

BESKULDIGDE: Nee, Edelagbare.

Mnr. die Aanklaer het u datum gereël?

AANKLAER: Nee, Edelagbare daar was nie 'n datum gereël nie, ek sal nou die Hof vra om te verdaag, ek sal 'n datum gaan reël.

SAAK VERDAAG.

DEUR DIE HOF: Dankie, mnr. die Aanklaer?

Wien? AANKLAER: Voortsetting van saak. Die Beskuldigde se vader is voor die Hof, sit langs die Ordonans op die bank daar so. Die Beskuldigde is 17 jaar.

Laat ons net sy vader se naam op rekord kry? Wat is jou volle naam?

VADER VAN BESKULDIGDE: Daniël Digabane Edelagbare.

AANKLAER: Edelagbare ek weet nie of u die Beskuldigde se vader net wil inlig nie, oor die verrigtinge gister nie in verband met Beskuldigde se pleit sodat hy ook op hoogte is.

DEUR DIE HOF: Laat hy net daarby jou kom staan mnr. die Tolk, die vader van Beskuldigde. Die vader was nie gister aanwesig toe die Beskuldigde gepleit het op die aanklagte nie. Om vas

6/....

te stel wat die dispoot is tussen die Staat en die Beskuldigde is, het die Hof egter die Staat toegelaat om die klagte teen die Beskuldigde te stel. Die klagte is een van oortreding van Artikel 2(1) (a) van Wet 83/67. Daar is twee bewerings van deelname aan terrorisme deur die Beskuldigde. Die eerste bewering is dat hy op die 12de Maart 1978 'n handeling verrig het met die opset om die orde, die handhawing van Wet en orde in die Republiek in gevaar te stel en saamgesweer het met onbekende persone om hierdie doeleindes te bereik. Die eerste bewering is dat hy 'n brief aan 'n persoon gerig het waarin hy hierdie persoon versoek het om die land onwettig te verlaat en na Botswana te gaan ten einde militêre opleiding te onderraan. Die tweede bewering is dat hy op die 22ste Maart 1978 ook 'n brief aan 'n ander persoon gerig het waarin hy hierdie persoon aangesaai het om militêre opleiding te onderraan om na Zambia te gaan waar hierdie persoon onderwys sou gegee word in die hantering van terroristiese wapens soos masjiengewere en gewere en pistole. Die Beskuldigde het aangedui dat hy op al twee die aanklagtes skuldig pleit. Die Hof het vir hom gevra of hy 'n procureur wil hê of regsvteenwoordiging en hy het gesê nee. Hy was gevra of hy 'n uitstel wil hê, wat hy ook nie wil gehad het nie.

VADER VAN BESKULDIGDE: Ja, Edelagbare.

Omdat sy seun 'n jeugdige is, is hy geregtig om hom by te staan en te adviseer gedurende die verhoor. Nou voordat die verhoor verder voortgaan is daar enige iets wat hy wil sê, wil doen of wil byvoeg? — Edelagbare daar is iets wat ek wil verduidelik in verband met die twee aanklagtes.

Ja, verduidelik? — Die moeder van die Beskuldigde

7/....

- 7 -

Edelagbare is oorlede in Junie 1967.

Ja? -- Die afgelope paar jare Edelagbare sukkel ek om die kinders groot te maak.

Ja, dit is omstandighede wat blykbaar meer oor versagting gaan. Die Hof wil jou nou eers vra, jy is nie van voorneme om vir hom 'n prokureur of 'n advokaat te kry nie? -- Edelagbare in verband met 'n prokureur wat gebeur het is dit Edelagbare, daar was op 'n vorige geleentheid 'n sanklag teen die Beskuldigde en hulle, die betrokke firma van prokureurs het my gehelp om Beskuldigde op te spoor Edelagbare.

Ja? -- Hulle toe tot dusver Edelagbare nog nie die Beskuldigde opgespoor nie.

Hu het vir die Hof gesê hy wil nie 'n prokureur hê by die verhoor nie, maar as jy voel jy wil 'n prokureur by die verhoor hê, moet jy so sê, want miskien wil jy met hom dit bespreek? -- Ek vra Edelagbare om saam met die Beskuldigde te praat Edelagbare.

Nou, maar goed julle kan dan maar praat. -- Ek het klaar gepraat Edelagbare.

Ja? -- Beskuldigde sê hy wil nie 'n prokureur hê nie.
Jy verstaan ook dan dat hy skuldig pleit? -- Ja, Edelagbare.

So die saak sal nou aangaan en dan sal jy later 'n geleentheid kry, as daar nou gedurende die volgende verrigtinge iets is wat jy wil sê moet jy net vir die Tolk sê. Sit dan maar. Sê vir die Beskuldigde weens die aard van die misdryf wat hom ten laste gelê is moet die Hof nou vir hom sekere vrae stel om ondersoek in te stel na die pleit wat hy aan die Hof gee het. Die eerste vraag wat die Hof hom wil vra is die

8/....

Staat beweer dat hy op 12de Maart 1978 'n brief geskryf het aan 'n persoon aan die Staat onbekend waarby hy die vermelde persoon versoek het om die land onwettig te verlaat en na Botswana te gaan vir militêre opleiding. Is dit so het hy so 'n brief geskryf?

BESKILDIGDE: Ja, Edelagbare ek het.

Die tweede geval beweer die Staat dat hy op 22ste Maart 1978 ook 'n brief aan 'n persoon aan die Staat onbekend gerig het waarin hy vir hom aangeraai het om militêre opleiding te ondergaan om na Zambia te gaan en waar die persoon dan daar opgelei sou word in die gebruik van wapens, terroristiese wapens, masjies en vergelykbaar. Is dit so? — Ja, dit is so Edelagbare.

Het hy hierdie handelinge gepleeg, wou hy die Wet en orde van die Republiek of 'n gedeelte daarvan in gevaar stel deur hierdie handelinge? — Nee, Edelagbare dit was nie my bedoeling nie.

Wat was jou bedoeling dan? — Ek wou my mense Edelagbare vrygelaat het Edelagbare.

Wat se mense? — Die swart volk Edelagbare.

Hoe wou jy dit gedoen het? — Want ek kon nie my swart mense deur woorde te praat om hulle vryheid te kry nie Edelagbare.

Het ander woorde jy wou eintlik hê hierdie twee mense moet, hierdie mense aan wie jy die brief geskryf het, moet opgelei word in die gebruik van wapens sodat julle die regering kan omverwerp? — Dit is korrek Edelagbare.

Jy het dan ook geweet dat hierdie persone so opgelei word die handhawing van Wet en orde, moeilik sal wees as die mense nou opgelei is in die gebruik van vuurwapens? — Ja, dit is

9/....

- 9 -

korrek ek was bewus daarvan.

En jy het ook natuurlik geweet dat dit is nou wat die Wet verbied, die Wet verbied so 'n optrede? — Ja, Edelagbare ek het geweet.

Was jy verbonde aan enige organisasie in hierdie handelin van jou? — Ja, Edelagbare ek is verbonde aan die African National Congress Edelagbare.

En die doeleindes van hierdie optrede van jou was dus om daardie organisasie te help in hulle poging om die land oor te neem? — Ja, Edelagbare.

En dit was dan ook die oogmerke van jou optrede? — Dit is korrek.

Het jy en hierdie ander maat van jou, het julle dan saam gekom en besluit om brieve aan mense te skryf waarin julle hulle nou oorend om hierdie tipe van opleiding te onderygaan? — Ons het vergader en dit bespreek.

En daarom het jy so opgetree soos jy gedoen het? — Dit is korrek.

En jy besef dat as hierdie mense gehoor gegee het aan jou versoek dat daar dan ook 'n moontlikheid sou wees dat die Wet en orde se handhawing om ver geswerp sou kon word? — Ja, Edelagbare.

Mnr. die Aanklaer ek weet nie of daar enige verdere elemente is nie?

AANKLAER: Nee, Edelagbare ek wil met respek aanvoer dat die ondervraging baie volledig gedoen is en ek wil ook aanvoer dat dit baie duidelik blyk dat die Beskuldigde se pleit op een van 'n ondubbelzinnige skuldig neerkom op beide aanklagtes.

10/....

- 10 -

DEUR DIE HOF: Is daar enige iets verder wat u wil byvoeg mnr. die Aanklaer?

AANKLAER: Nee, Edelagbare die Staat wil net graag kortlik op die meriete van die saak 'n bietjie gefuienis aan die Hof wil voorlê, indien die Hof dink dit is nodig.

Wat sê die strafproseswet in watter stadium. Kan ek net die Strafproseswet kry. Is daar enige iets wat die Beskuldigde in hierdie stadium wil byvoeg?

BESKULDIGDE: Nee, Edelagbare daar is niks wat ek verder wil byvoeg nie.

Is daar enige iets wat sy vader wil sê?

VADER VAN BESKULDIGDE: Nee, Edelagbare daar is niks wat ek wil sê in verband met die aanklagte nie.

- UITSPRAAK -

DEUR DIE HOF: Die Beskuldigde in hierdie saak SYDNEY DIGABANE swart man, 17 jaar oud word aangekla van oortreding van Artikel 22(1) (a) van Wet 83/67. Dit word beweer dat hy op of omtrent die datums gemeld in die klagstaat in die streekafdeling van Transvaal wederregtelik en met die opset om die handhawing van Wet en orde in die Republiek of 'n gedeelte daarvan in gevaar te stel. Die dade vermeld in kolom 3 van 'n bylae van die klagstaat, gepoog het om dit te pleeg of met persone of persoon aan die Staatsaanklaer onbekend saamgesweer het om by die pleeg van voormalde daad behulpzaam te wees of dit te bewerkstellig of te pleeg of 'n persoon of persone aan die Staat onbekend uitgelok, aangestig, beveel, hulp verleen, aangeraai het, aangemoedig

11/...

of verkry het om voormalde daad te pleeg. Daar is twee voorvalle wat as afsonderlike aanklagtes behandel word in die klagstaat. Die eerste voorval is dat hy op die 12de Maart 1978 'n brief aan 'n persoon aan die Staatsaanklaer onbekend gerig het waarby vermelde persoon versoek word om die land onwettig te verlaat en na Botswana te gaan ten einde militêre opleiding te ondergaan. Die tweede aanklagte is die daad dat hy op die 22ste Maart 1978 'n brief aan 'n persoon aan die Staat onbekend gerig het waarby hy die persoon aangeraai het om militêre opleiding te ondergaan om na Zambia te gaan en waar vermelde persoon aanwysings gegee sal word hoe om in Zambia te kom en instruksies gegee word in die hantering van terroristiese wapens, masjiengewere, geweens en pistole. Die Beskuldigde het op beide aanklagtes SKULDIG GEPLEIT.

Die Staatsaanklaer het bewyssukk A ingehandig waar volgens die Prokureur-generaal op die 20ste Junie 1978 ingevolge die bepalings van Artikel 8 van Wet 83/67 gemagtig het dat die Beskuldigde op 2 aanklagtes van oortreding van Artikel 2 (1) (a) van Wet 83/67 in die Streekhof van Johannesburg verhoor word. Die Staat het ook as Bewyssukk B, 'n bevel in kragte Artikel 12 (a) (1) van Wet 44/50 ingehandig wat handel oor borgtog.

Die Beskuldigde is 17 jaar oud. Sy vader het die Hofverrigtinge bygewoon. Die Beskuldigde het reeds gister gepleit toe was sy vader nie teenwoordig nie. Die rede waarom die Hof hom toegelaat het om te pleit was om vas te stel watter getuies die Staatsaanklaer moet roep. Die Beskuldigde se vader is vandag by die Hof, die klagstaat is vollediglik aan hom verduidelik. Die Hof het ook vasgestel of die Beskuldigde of sy vader

verlang dat daar regsveteenwoording vir die Beskuldigde verky moet word en of 'n verdere uitstel benodig word. Na same-sprekings het die Beskuldigde en sy vader aangesoek dat regsveteenwoording nie verlang word nie en dat daar verlang word dat met die saak voortgegaan word. As gevolg van die feit dat die Beskuldigde skuldig gepleit het, het die Hof hom onder-vra soos bedoel in Artikel 112 van Wet 51/77. Die Hof het dit gedoen weens die erns van die misdaad.

Die Beskuldigde het erken dat hy die twee brieue wat vermeld word in die klagstaat geskryf het. Die Beskuldigde het erken dat hy omdat hy dit nie op 'n ander wyse sy sin in die lansse politieke toestande kon kry nie, na samespreking met ander opgetree soos hy opgetree het. Hy sê hy is verbondne aan die African National Congress en dat hy dan ook in hierdie organisasie se belang opgetree het. Hy het hierdie brieue geskryf aan hierdie mense met die doel om hulle te motifeer om die handelings te ondergaan wat in die klagstaat gemeld word. Die doel was om indien hulle opgelei word te verkry om handelinge te verrig wat dan die Wet en orde in die Republiek sal in gevaar stel, met ander woorde om te verseker dat hulle opgelei word sodat hulle die handhawing van Wet en orde in die Republiek kan in gevaar stel. Hy het geweet dat dit is 'n onwettige optrede, dit is verbode, maar hy het dit gedoen met die doeleindes om wel hierdie oogmerke te bereik. Hy erken ook dat hy bewus was dat die handeling wat hy gepleeg het dan ook hierdie be-oogde gevolg ten gevolge kan hê.

Die Hof mag net meld dat voordat die Beskuldigde gepleit het, die vermoede wat vervat is in Artikel 2 (2) volledig aan

13/...

die Beskuldigde verduidelik is en dat die Hof ook aan hom verduidelik het hoe hy hierdie vermoeë kan weerle. In die lig van sy pleit het dit egter akademies geword.

Die ondervraging wat die Hof aan die Beskuldigde gerig het, het bo alle twyfel en baie duidelik bewys dat die Beskuldigde die handeling gepleeg het gemeld in die klagstaat, dat hy dit gepleeg het met die doel of om die doel te bereik wat in die klagstaat gemeld word en uit die omstandighede as geheel het hy, is dit dan ook vir die Hof duidelik dat dit waarskynlik is dat hierdie handeling die be-oogde gevolge ten gevolg kon gehad het. Die Hof kom tot gevolg trekking na 'n objektiewe oorweging van die omstandighede as geheel van die vrae en antwoorde wat in hierdie geval verkry is, die Hof is dus heeltemal tevrede dat die Beskuldigde inderdaad skuldig is en daarby sy pleit korrek was en hy word dan ook SKULDIG BEVIND AAN BEIDE AANKLAGTES soos hy gepleit het.

AANKLAER: Edelagbare geen S.A.P. 69 van die Beskuldigde is beskikbaar nie, die Staat maak egter die formele erkenning dat Beskuldigde hoegenaamd geen vorige veroordelings het nie.

Ja? -- Op die aspek van vonnis Edelagbare soos u sal merk uit die Wet

AANKLAER SPREEK HOF TOE OP VONNIS.

DIE STAAT ROEP OP VONNIS: PIETER GIDEON SYFFERT b.v.

ONDERVERGAGING DEUR AANKLAER: U is 'n adjudant offisier in die S.A. Polisie en verbonde aan die Veiligheidsafdeling te John Vorsterplein? -- Dit is korrek Edelagbare.

U was in die Hof teenwoordig toe Sy Edelagbare die Beskuldigde ondervra het in verband met hierdie klagtes toe daar

14/...

verwysings was na sekere brieue wat die Beskuldigdes sou geskryf het? — Dit is korrek ja Edelagbare.

Het die Beskuldigde op enige stadium aan u ontken dat hy die outeur van vermelde brieue was? — Op geen stadium het hy dit ontken nie Edelagbare.

Het u enige besondere probleme ondervind om die saak op te los wat opgelos te geword het op daardie stadium? — Geen-sins nie Edelagbare hy het heel tyd sy volle samewerking gegee Edelagbare.

Mnr. Syffert die afgelope paar jaar het dit baie gebeur dat terroriste die land binnekomb met wapens van nie-Suid-Afrikaanse oorsprong en wat algemeen bekend word as terroristiese wapens — Dit is korrek Edelagbare.

Van daardie wapens is ook gebruik in, om moord te pleen onder andere baie onlangs in Goghstraat? — Dit is korrek Edelagbare.

Is dit korrek dat ten opsigte van aanklagte 2, die tweede brief die Beskuldigde ook in die brief instruksies gegee het oor die hantering van 'n Scorpion masjiempistool? — Dit is korrek Edelagbare.

Is u bewus daarvan dat van hierdie wapens al in die land ingekom het? — Ja, Edelagbare die Scorpion en die Makarof-pistool.

Daar was ook 'n verwysing na 'n Makarof pistool? — Dit is ook korrek Edelagbare.

Uit u ondervinding is dit wapens wat vir terroriste, deur terroriste gebruik word vir terrorisme? — Dit is korrek ja Edelagbare.

Indien hierdie betrokke brieue nie onderskep is nie, kon dit uit die aard van die saak mense bereik het en op die manier kon daar terroriste gewerf gewees het deur die Beskuldigde?

— Ditkon persone oorweeg het en moontlik laat gaan het om terroriste-opleiding te ondergaan.

Kan u net aan die Hof kortliks verduidelik hoe die brieue in die hande gekry is? — Edelagbare die brief wat op die 12de Maart, op aanklag 1, is aan sersant, 'n bewaarder oorhandig Edelagbare met 'n versoek dat dit vir hom gepos word.

Maar dit het nie 'n volledige adres van die ontvanger bevat nie? — Nee, dit het nie Edelagbare.

Die tweede brief? — Die tweede brief is op die 22ste Maart by die Beskuldigde gekry toe hy teruggekom het van die Hof af Edelagbare, toe is dit aan sy persoon gevind deur 'n ander bewaarder.

U het vasgestel dat die Beskuldigde 'n skoon rekord het, is dit korrek? — Dit is korrek Edelagbare hy het geen vorige veroordelings nie.

GEEN VERDERE VRAE.

DEUR DIE HOF: Die Beskuldigde kan die getuie ondervra.

BESKULDIGDE: Ek het geen vrae Edelagbare.

DEUR DIE HOF: U het die brieue in u besit?

GETUIE: Ek het die brieue Edelagbare.

Die oorspronklikes? — Die oorspronklikes is op die oomblik by die S.A. Kriminele buro vir die vergelyking van handskrifte.

Kan die Hof net die afskrifte kry? — Ek het die afskrifte vir die Aanklaer ingehandig.

- 16 -

AANKLAER HANDIG BRIEWE IN AS BEWYSSTUK C, BRIEF GEDATEER
13 MAART - AANKLAG 1. BEWYSSTUK D, BRIEF GEDATEER 16 MAART
= AANKLAG 2.

DEUR DIE HOF: Dit is die twee briewe bewyastukke C en D?

GETUIE: Dit is korrek Edelagbare.

Vir die Beskuldigde ook net gee? Dankie. U kan afstaan. Is dit al wat u wil aanbied mnr. die Aanklaer?

AANKLAER: Dit is al wat die Staat wil aanbied Edelagbare.

Die Beskuldigde kan nou vir die Hof op vonnis toespreek?

BESKULDIGDE TER VERSAGTING: Nee, Edelagbare ek wil niks praat in verband met vonnis nie.

Die Beskuldigde se vader wil hy iets sê voor die Hof die Beskuldigde vonnis?

VADER VAN BESKULDIGDE TER VERSAGTING: Ja, Edelagbare.

Laat hy in die getuijebank ingaan. Volle name asseblief?

DANIEL DIGABANE b.v.

DEUR DIE HOF: Ja, wat wil hy sê? — Ek vra dat die Hof nou dat die Hof die Beskuldigde skuldig bevind het, ek vra vir 'n ligte straf namens hom Edelagbare, want ek is so bekommerd oor die Beskuldigde Edelagbare vanaf die tyd dat hy inhegtenis geneem is Edelagbare, want ek weet niks van die aanklagtes teen hom. Ten tye van sy arrestasie Edelagbare hy het sy suster gaan besoek Edelagbare, dit is waar hy arresteer was. Dit was eers na christmas Edelagbare dat ek daarvan gehoor het dat hy en die ander is arresteer. Ek vra net vir genade dit is al.

17/....

- 17 -

Het die Beskuldigde eige vrae wat hy sy vader wil vra?

BESKULDIGDE: U weet daarvan dat ons is toe na Meadowlands waar ons vervoer, 'n kombi gekry het en ons moes daarna vertrek het na Botswana, dit is waar ons deur die polisie gearresteer is. U dra kennis daarvan? -- Nee, Edelagbare ek dra nie kennis daarvan, ek het net 'n brief ontvang Edelagbare van John Vorster-plein af.

DEUR DIE HOF: Is dit al?

BESKULDIGDE (VERVOLG): Dit is waar dat ek jou gesê het toe ek die huis verlaat het waarheen gaan ek? -- Ek het geweet dat julle is na jou suster toe en daar sit jou suster daar.

GEEN VERDERE VRAE.

DEUR DIE HOF: Mn. die Aanklaer?

KRUISONDERVRAGING DEUR AANKLAER: Het die Beskuldigde ooit oor politiek met jou gesels in die huis? -- Nee, Edelagbare.

Het hy ooit melding gemaak van die, soos hy dit genoem het die bevryding van die swart volk? -- Nee, gewoonweg Edelagbare sit ek nie met die kinders in die sitkamer nie, hulle sit alleenig daarin die kombuis.

GEEN VERDERE VRAE.

DEUR DIE HOF: Sê vir my het die Beskuldigde skoolgegaan? --

Ja, Edelagbare.

Tot standard? -- Hy was op standard 5 Edelagbare ten tye van sy arrestasie.

Het hy opgegaan skoolgaan? -- Hy is gedurende die vakansie, die skoolvakansie gearresteer Edelagbare.

18/....

Watter jaar is? — Laas jaar in 1977.

Dankie. Enige iets wat die Beskuldigde verder wil sê voor die Hof vonnis?

BESKULDIGDE: Dit is al Edelagbare.

Vir die Beskuldigde, die Hof wil net vir hom 'n vraag vra, hy is nie verplig om daarop te antwoord nie. Het hy enige opleiding buitelandse ondergaan?

BESKULDIGDE: Edelagbare daar was sekere seuns Edelagbare van Rhodesië, wat van Rhodesië gekom het en in 'n sekere plantasie Edelagbare daar anderkant dit is waar die seuns vir ons opleiding gegee het Edelagbare.

So jy was nie buite die grense opgelei nie? — Nee, ek het nie oor die grens gegaan nie, maar ek was op een stadium oor die Botswana grens na Gaborone Edelagbare, ons het net daar die plek gaan sien Edelagbare, toe is ons weer terug.

— ONNIS —

DEUR DIE HOF: Die Beskuldigde is skuldig bevind aan oortreding van Artikel 2 (1) (a) van Wet 83/67. Die Hof het hom skuldig bevind aan deelname aan terroristiese bedrywighede.

Hy het geen vorige veroordelings nie. Die Staat het ingevalg die bepalings van die Wet mnr. Syffert van die veiligheidsafdeling van die polisie as 'n getuie geroep. Hy het vir die Hof vertel dat die Beskuldigde aangehou was, dat na ondervraging die Beskuldigde sy aanduidheid aan die misdryf erken het. Die getuie het vir die Hof die agtergrond geskets van persone wat opgelei word in die hantering van terroristiese

19/...

wapens. Hy het die Hof inligting gegee oor die insyueling van terroriste en die gevare daarvan verbonde. Uit sy getuienis blyk dit dat hierdie gevaar ook 'n wesentlike gevaar is. Hy het die twee briewe wat die Beskuldigde geskryf het ingehandig as bewysstukke C en D en hy het vir die Hof vertel dat hierdie briewe onderskep was deur die gevangenis beampies.

Die Staatsaanklaer het die Hof meegedeel dat daar niks uitsonderlik verbonde is aan hierdie besondere misdaad wat Beskuldigde gepleeg het.

Die Beskuldigde self het niks gehad wat hy op vonnis wou sê nie. Die vader het egter getuienis afgelê oor vonnis. Hy het die Hof vir genade namens die Beskuldigde gevra. Hy het die Hof meegedeel dat die Beskuldigde deur hom versorg is, dat Beskuldigde standard 5 op skool behaal het, dat hy nog in die skool was toe hy gearresteer is, dat hy onbewus daarvan was dat die Beskuldigde hom bemoei met terroristiese bedrywighede.

Die Beskuldigde is 17 jaar oud, hy is nog jong. Hy het 'n misdaad wat in 'n baie ernstige lig beskou word, wanneer die Hof na die Wetgewer sebedoeling kyk, gepleeg. Hy het 'n misdryf gedoen waar baie swaar vonnisvoorgeskryf word, selfs die doodstraf. Die Wet bepaal dat jy minstens 5 jaar tronkstraf opgelê moet word en die Wet bepaal ook verder dat die bepalings van die Strafproseswet met betrekking tot die behandeling van jeugdiges en die opskorting van vonnis nie geld by oortredings van hierdie aard nie. Dit verskyn in Artikel 5 van die Wet.

Die Hof het die omstandighedeoorweeg en die Hof is tevrede dat hierdie 'n saak is waar 'n vonnis hoër as die minimum

20/...

- 20 -

Vonnis opgelê behoort te word nie en waarin die lig van die jeug van die Beskuldigde die Hof ook die akkumulatiewe uitwerkings van die twee vonnisse ingedagte moet hou en wanneer die Hof 'n vonnis in 'n saak van hierdie aard oplê wil die Hof ook die kandler van misdaad in hierdie verband inag neem, want die uitwerking van wat die vonnis moet hê is dat die vonnis moet wees in vergelyking met die erns van die misdryf wat hy gepleeg het, want daar is gevalle wat 'n veel meer drastiese vonnis as in die Beskuldigde se geval wel nodig sal wees. Alhoewel die Beskuldigde skuldig bevind is aan 'n baie ernstige oortreding is hierdie seker nie die mees ernstige wat hy aan skuldig bevind kon gewees het nie.

Hy word die minimum vonnis op elke aanklagte opgelê dit wil sê 5 jaar gevangerisstraf op elke aanklagte, maar weens die omstandighede wat die Hof genoem het gelas die Hof dat die vonnisse gelyktydig uitgedien word.

- SERTIFIKAAT -

Ek, die ondergetekende, sertifiseer hiermee dat voorafgaande 'n ware en korrekte oorkonde is van die oorspronklike verrigtinge meganies opgeneem.

OORSKRYFSTER: MEV. A.H. FOURIE.

Collection Number: AD2021

Collection Name: Security trials, Court records, 1958-1982

PUBLISHER:

Publisher: Historical Papers Research Archive, University of the Witwatersrand, Johannesburg, South Africa

Location: Johannesburg

©2017

LEGAL NOTICES:

Copyright Notice: All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

Disclaimer and Terms of Use: Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

This collection forms part of the archive of the South African Institute of Race Relations (SAIRR), held at the Historical Papers Research Archive, University of the Witwatersrand, Johannesburg, South Africa.